WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE
BERIG 08/2019
07/08/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Roelie Roelofse van Personeel

Toon Slabbert van die Kavallerie verwittig met leedwese "… dat Roelie op 30/07/2019 in sy slaap aan huis in Valhalla aan 'n hartaanval gesterf het. 'n Gedenkdiens vind om 11:00 op 07/08/2019 by die NG Gemeente in Bothmaweg in Valhalla plaas. Roelie se eggenote, Ellie, se selno is 082 979 1522. Die familie het besluit dat daar nie 'n militêre seremonie by die kerk plaasvind nie".

2. Passing of Dr Etienne Hugo of the SAMS

Manny Ferreira of the SAAF advised with regret that Dr Ettienne Hugo had passed away at home in the Kings Park Retirement Centre in Pretoria on 25/07/2019 and that the funeral had taken place at the congregation of the NG Church Universiteitsoord on 30/07/2019. He was the top Orthopaedic Surgeon at 1 Mil Hosp for many years and in due course was later appointed as OC 1 Mil Hosp.

Tony Dippenaar of Cela added that "… Etienne was a great sporting enthusiast and made a significant contribution to the then relatively new discipline of Sports Medicine. However, Rugby was his great love. He will always be remembered for his engaging manner and willingness to help".

3. Afsterwe van Boet Badenhorst van die TDK

Robbie Coetzee van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Robbie op 28/07/2019 in die hoësorgeenheid van die Medi Clinic Hospitaal in Potchefstroomse oorlede is. Hy het drie weke gelede 'n stent in die hart ontvang, maar het daarna 'n ernstige beroerte-aanval gehad. Robbie was met aftrede die SSO Log van HK Kmdmt NW. Sy eggenote Lettie, se selno is 082 680 1771".

4. Afsterwe van Ockert Brits van die Infanterie

Jaco Steenberg van die SAWV verwittig met leedwese "… dat Ockert op 25/07/2019 in 2 Mil Hosp opgeneem is, maar is kort daarna weens komplikasies oorlede. Volgens Arlene Bronkhorst was Ockert die eerste Militêre Veteraan wat sy by die SAWV gehelp het om die mediese voordeel volgens die Militêre Veterane Wet (Wet 18 van 2011) te bekom. Ons innige meegevoel aan sy vrou, Pat en sy geliefdes, in hierdie hartseertyd. Pat se selno is 083 292 925"

5. Passing of Franklin (Lin) Barrat of the SAAF

The SAAF Association advised with regret " that Lin had passed to Higher Service on 30/07/2019. We are very sad at his passing as it will leave a big hole in the Committees of SAAFA JHB and of Air Forces Housing Memorial. Our condolences go to his wife, Rosemary, and his family. The funeral was held at the Rosebank Union Church on 06/08/2019".

SAAFA
SOUTH AFRICAN AIR FORCE ASSOCIATION

6. Afsterwe van Genl Mike Fryer van die SAP

Jaco Steenberg van die SAWV verwittig met leedwese "… dat genl Fryer op 19/07/2019 in die ouderdom van 63 jaar oorlede is nadat hy sy stryd met kanker verloor het. Die begrafnisdiens het op 23/07/2019 vanuit die NG Gemeente, Doringkloof in Centurion plaasgevind. Hy was met aftrede Bev SAP Spesiale Taakmag en het later vir die VN se Veiligheidsmagte in Darfoer, Soedan, diens

gedoen". Hennie Heymans van die ZARPe noem "… dat die kentekens van die Taakmag se valskermvlerkies en Spesiale Taakmag-operateur op sy linkerbors vertoon word".

7. Begrafnis van Marthyn Viljoen van die Infanterie

Die begrafnis het op 26/07/2019 by die Gereformeerde Gemeente in Wierdapark plaasgevind. Chris Wehrmann het die foto verskaf en toon die oud-lede van 3 SAI Bn en hulle dames, wat daar saam met Marthyn gedien het, Van links na regs staan Johan (Wynie) van Wyngaard, Barrie Ferreira, almal se voormalige Bev 3 SAI Bn, RB du Preez, Servaas de Kock, Tienie Smuts en Frans van den Berg wat die huldeblyk gelewer het.

8. Terugslag vir Willem (Durie) van Deventer van die Infanterie

In vorige Nuusbriewe is genoem dat Durie op 06/05/2019 geval en ernstig seergekry het. Durie was eers in die privaathospitaal in Montana in Pretoria vir bloeding op die brein behandel, maar is later na 1 Mil Hosp oorgeplaas. Durie se toestand het egter deurgaans verswak en Durie se dogter, Christel, verwittig dat daar nie meer hoop is nie. Christel se selno is 082 574 3592.

9. Condition of Jeff Knipe
Kevin Bolton has advised on FaceBook that this previous RSM of 1 Mil Printing Regt and 4 Survey and Mapping Regt is in Entabeni Hospital in Durban, in ICU in a semi-coma.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

10. NTR.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

11. Chinese Comment on Fire on India's Aircraft Carrier
The blaze was extinguished, but not before the Indian officer, who led the fire fighting effort, was overcome by fumes and later died in hospital, after he had gotten married just a month earlier. China, which is India's naval rival, commented that this happened because Indians are not competent enough to operate advanced military equipment. The photo shows the Vikramaditya in the Indian naval base at Karwar. Note. In view of the above, it would be interesting to hear the Chinese assessment of our sailors of the new generation.

TOEKOMSTIGE OORLOë

12. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

13. NTR.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

14. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

15. Toestand van die Gedenkteken in Virginia
Willie Louw van die Kavallerie noem dat in Nov 1989 is 'n Gedenkteken vir die SAW se gevalle helde in Virginia se begraafplaas in samewerking tussen die Stadsraad en die Virginia Komdo opgerig. Willie was as die destydse Bev Gp 34 by die inhuldiging van die Gedenkteken betrokke en is bekommerd oor die toestand van hierdie begraafplaas en die Gedenkteken. Willie vra dat 'n Veteraan wat in die Vrystaatse Goudvelde woon gaan ondersoek instel en terugrapporteer.

16. Woorde van die Laaste Taptoe
* Wyle Calla Theron van die Geskut en Leërinligting het voor sy dood versoek dat die Afrikaanse woorde van die Laaste Taptoe op sy nis gegraveer word.

* Navraag is by prof Deon Fourie van die Kavallerie gedoen en hy verwittig "… dat die Laaste Taptoe geen lirieke het nie. Dit gaan terug na omtrent 400 jaar gelede toe

die oorspronklike Franse trompetsein, *Le Guet,* as opdrag gebruik was om die laste wag vir die nag te pos. In Engels het die begin om as Last Post bekend te staan. Die Amerikaanse weergawe staan as Taps bekend, wat wel ‘n beryming het”.

17. Verbintenis tussen Theunissen Komdo en Sir Pierre van Ryneveld

* In die vorige Nuusbrief het Willie Louw van die Kavallerie vertel dat Sir Pierre se nagedagtenis voortgeleef het in die Sir Pierre van Ryneveld-kroeg by die plaaslike Kommando, terwyl die inwoners van Theunissen onthou dat Sir Pierre die eerste vlieënier was wat by die dorp geland het. Willie noem toe ook dat Sir Pierre en sy mede-vlieënier, 2Lt Quinton Mouton, in 1920 die eerste vlug oor Afrika van Engeland na Kaapstad met ‘n Vickers Vimy (Silver Queen) vliegtuig afgelê het.

* Philip Weyers het die berig reggestel deur te noen “… dat Sir Pierre se mede-vlieënier op die vlug met die Silwer Queen in werklikheid Sir Quentin Brand was en nie Quinton Mouton nie. Sir Quentin het later permanent by die RAF aangesluit en was tydens WO2 Bev 10 Vegtergroep, met die rang van Air Vice Marshal”.

NUWE MILITêRE BOEKE

18. NTR.

PAUL ELS SE BOEKE

19. Boek oor SWA Suid van die Operasionele Gebied

“Ek het die boek oor Walvisbaai voltooi en begin nou met my volgende projek.
Ek soek iemand om saam met my die boek ‘*South of the Redline’* te doen.
Ek is tans besig met ander boeke en benodig iemand met goeie Engels en wat die gebied goed ken, om my as mede-skrywer te help. Iemand kan ook die boek oorneem en dit voltooi. Enige storie, fotos of eenheidsgeskiedenis sal baie welkom wees om die boek so gou as moontlik te doen”.

WELSYNSWERK

20. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

21. Ongemagtigde Dra van Paul Lombard van die Geskut se Uniform

* In die vorige Nuusbrief is vertel van ‘n sekere Lotriet wat ‘n foto van hom, geklee in die uniform van Paul Lombard, op sy blad by FaceBook geplaas het, as ’n momento van die film ‘*A Long Walk to Freedom’*, waarin hy ‘n klein rol gespeel het. Paul noem dat dit ‘n uitsonderlike uniform is, want dit toon die kruislope met granaat van die Generaal van die Artillerie en die oorspronklike lapvleuels van 42 Lug OP Vlug. Na sy aftrede het Phil Pretorius vir Paul gevra om sy uniform aan die Oorlogsmuseum in Johannesburg te skenk.

* Paul verduidelik dat hy deur David Peddle met Lotriet kontak gemaak het en het hom oor die foto uitgevra, waarna hy die volgende heel logiese verduideliking verskaf het:

Johan Francois Lotriet was ‘n lid van die destydse Spoorwegpolisie se Taakmag en is in 2013 genader om die rol van H Leër in die film te vertolk, terwyl genl-maj Mike Fryers, as Kommissaris van Polisie opgetree het. Die filmmakers het uniforms by die Oorlogsmuseum gekry, waar daar ’n hele kamer daarvan vol was. Dit is toe gebruik vir die verfilming van ’n greep waar Mandela deur ’n erewag van die Weermagsdeelhoofde en ander generaals sou stap, wat die oorgang van die ou na

die nuwe sou versinnebeeld. Hy het verskeie uniforms aangepas en sy gesig is met grimering verander, totdat hulle met sy beeld tevrede was. Hy het die foto van hom in my uniform op Facebook geplaas as ’n memento van sy aandeel in die film. Nota. Sou voorstel dat Paul sy uniform gaan opeis want dit word duidelik nie na waarde geag nie en dit aan ‘n versamelaar soos Handre du Plessis beskikbaar stel.

22. *Military Despatches* of Matt Tennyson
Robbie Roberts is Chairman of the Signals Association and advises “… that the excellent long awaited issue for August 2019 of Matt Tennyson's *‘Military Despatches*’, can now be read on the website at www.militarydespatches.co.za”.

23. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa
Angel states that the Newsletter for Aug 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

24. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

25. Nasionale Boshoeddag. Jaco Steenberg van die SAWV verwittig “… dat Maandag 26/08/2019 as die Nasionale Boshoeddag verklaar is. Krap uit jou Boshoed, skud die stof uit en kyk of dit nog houding het. Gaan dan en dra daardie Boshoed van jou met trots op 26/08/2019”.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

26. AMAGP se Brief aan die Media : Waar Is My Voordele

Die bestaansdoel van ‘n Pensioenfonds is om voordele aan sy lede te betaal, maar hou dit nog water by die GEPF? Die GEPF het tans sowat 400 000 begunstigdes, sowel as 1,2 miljoen staatsamptenare wat maandeliks bydra. Baie lede ondervind egter dat uitbetalings nie op die geskeduleerde datums gedoen word nie. Dit is voor die handliggend dat die GEPF uitmekaar val, weens sy onvermoë om sy eie missie en sy wetlike verpligtinge na te kom.

Klagtes van pensioenarisse en of hulle weduwees stroom daagliks by AMAGP in en verskyn gereeld in die media en ook op AMAGP se blad op FaceBoek. ‘n Sprekende voorbeeld is die van ‘n 90-jarige vegvlieënier wat se weduwee steeds wag vir uitbetalings, elf maande na sy afsterwe! Wat ‘n skreiende skande!

Om die GEPF per telefoon te kontak is ‘n onbegonne taak. Indien jy wel deurkom word jy gevra om jou klagte liefs per faks in te stuur, maar voeg dan by dat ‘… we receive thousands of them and do not have the time to read them all’. Hierdie tipe reaksie is skreiend en onaanvaarbaar.

Dit kom voor dat die situasie sedert 31/03/2018 baie versleg het. Wat verder kommerwekkend is, is dat 30 000 vroeë aftredes wat die regering pas aangekondig het, ook deur die GEPF administreer sal moet word! Ons betwyfel of die GEPF wel oor hierdie vermoë beskik.

Die lede van die Fonds moet die GEPF se Raad van Trustees volledig verantwoordbaar hou vir die biljoene wat reeds verlore geraak het. Dit is duidelik dat die Trustees nie in beheer is van die pensioenfonds nie. Hulle behoort dus die voorbeeld van hulle voormalige kollegas van die OBK te volg en te bedank!”

27. Kommentaar deur MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl

“Met die beskikbare bewyse by veral die Mpati Ondersoek behoort die volgende nou te kan gebeur:

* ‘n Saak teen die huidige GEPF Trustees vir swak toesighouding oor die vermorsing van die OBK se fondse geopen word.
* ‘n Saak teen Trustees geopen word vir opsetlike wanvoorligting tydens aanbiedings aan GEPF lede op onder andere George.
* Dat die hele samestelling, uitvoeringsriglyne en vergoeding van GEPF Trustees dringend ondersoek en reggestel word.
* ‘n Eis by die Parlement ingedien word dat die huidige Hoof van die GEPF, Abel Sithole, van sy pos onthef en aangekla word vir wanvoorstellings en swak beheer waardeur die OBK toegelaat was om swak beleggings en skenkings te kon maak, asook vir herhaalde wanvoorstellings en verontskuldigings in antwoorde aan AMAGP”.

28. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

29. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

30. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 17/08/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com. Kostes is slegs R120 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet".

31. Herdenking van Op Savannah op 08/09/2019

Renaud Booysen is die Voorsitter van die Savannah Bond van Veterane en verklaar dat die 44 ste Herdenking van Op Savannah om 10:30 vir 11:00 op Sondag 08/09/2019 by Op Savannah se Gedenknaald by die Voortrekker Monument (VTM) gehou word. Die algemene jaarvergadering vind daarna vanaf 12:00 in die Voortrekker Gedenksaal by die braai-area net agter die VTM plaas. Die funksie sal 'n spitbraai wees en wyn word aan tafel verskaf. Eie koue verversings mag saamgebring word. Koste is R140 per persoon. Verskaf asseblief die name van persone wat gaan bywoon en toon u van as verwysing op die inbetaalstrokie. Finale datum vir bevestiging is 31/08/2019. Bank besonderhede is Investec Bank, Bond van Savannah Veterane, rekeningnommer 50010032989 en takkode is 580105. Gebruik rekeningnommer 4059749310 indien die rekening met kontant of per tjek betaal word. Stuur asseblief bevestiging van bywoning en betaling na ereatrust@mweb.co.za. My selno is 0833756815".

32. SAWV se Maandelikse Ontbyt in Pretoria

Die vorige ontbyt het op 13/07/2019 by Chatterley's in Valhalla plaasgevind en Arlene Bronkhorst rapporteer dat "...die volgende ontbyt om 08:30 vir 09:00 op 10/08/2019 is en bywoning moet vroegtydig op my e-posadres by sawv@milvets.co.za of op my selno by 060 603 2930 bespreek word. Bring jou familie en vriende en kom deel weer in ons heerlike buffetontbyt en samesyn met onbeperkte koffie/tee. Die dames is welkom om wit, pienk of rooi te dra om Vrouedag te vier!".

33. Herdenking van die Aardbewing en die Lugafweer se Hulp aan Ceres

Angelique Le Roux van die Togryers Museum op Ceres verwittig dat "… die Museum besig is om 'n gedenkdiens te reël om die 50ste herdenking van die groot aardbewing in Ceres te gedenk. Die diens sal in Sep 2019 plaasvind en die museum wil graag van die Militêre Veterane van 10 LA Eenh te Youngsfield nooi, wat in 1969 tydens die aardbewing steun aan die inwoners van Ceres verskaf het. Kontak asseblief vir die Museum se bestuurder, Bertdene Laubscher, by 023-312 2045 of op haar e-posadres by togryersmuseum@gmail.com vir navrae. My selno is 082 337 2499".

34. Ceremony at the Wall of Remembrance

ADMINISTRASIE

35. Besoek aan die Kinders

"Hierdie Nuusbrief is maar dun, maar ek wou dit graag voltooi en pos voordat ek en Isa op 08/08/2019 vertrek om by Adél en haar gesin vir drie weke in Noord-Ierland te gaan kuier. Ons keer op 31/08/2019 terug en sal dan probeer om met die Nuusbrief op te vang. Gaan asseblief voort om u berigte aan te stuur, maar sal net nie nou daaraan kan aandag gee nie. Geniet die lenteweer terwyl ons weg is".

NETWORKING

36. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

37. Food for Thought
* No food today.

38. Die Regter en Korrekte Taalgebruik.
Dr Mulder van Eyk van die SAP vertel die ware verhaal uit sy verlede van die regter wat erg op korrekte taalgebruik gesteld was:
Advokaat: “U Edele, die man wie …”
Regter: “Meneer, ken u die Onse Vader?”
Advokaat: “Ja, u Edele”.
Regter: “Nou sê dit op!”
Advokaat: “Onse Vader wat …”.
Regter: ”Dis reg! Wat! Ons Vader wat … Die man wat daar loop! Nie wie nie!“

SLOT

39. En op hierdie tegniese noot, enjoy the rest of the month.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

40. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.